Publication: Beeld (Uitgawe 1)
Date: 31 May 2016
Page: 7

DIT HET TOT 4 LEWENS

Te min herwin plastiek in SA

Dis te vuil en moet tuis gesorteer word

Elise Tempelhoff

Net 20% van alle afval van plastiek wat verlede jaar op die land se stortingsterreine beland het, is herwin.

Elke plastiekbottel of -sak het drie tot vier "lewens".

Daarom is dit noodsaaklik om plastiekafval te herwin, het Anton Hanekom, uitvoerende direkteur van Plastics-SA, gister gesê toe hy die herwinningsyfers van plastiek vir 2015 bekend gemaak het.

Volgens hom speen die herwinning van plastiek die wêreld ook van sy afhanklikheid van fossielbrandstowwe, soos steenkool en ruolie, wat klimaatsverandering veroorsaak.

Hanekom het gesê daar is reuse-hoeveelhede plastiek wat op die stortingsterreine beland wat nie herwin kan word nie omdat dit te vuil is.

"Dít is een van die redes waarom verbruikers hul afval tuis moet sorteer."

Hy het gesê plaaslike owerhede moet dit vir verbruikers maklik maak om hul afval te sorteer sodat dit nie op die stortingsterreine beland nie.

Hy het verwys na Kaapstad, waar daar 120 000 huisgesinne is wat aan die metro se herwinningsprogram deelneem deur hul afval tuis te sorteer.

Die metro maak dit ook vir die inwoners maklik om die afval direk na die aanleg te bring waar dit herwin word.

Die plastiekbedryf het in 2014 'n doelwit vir homself gestel om te sorg dat geen plastiek teen 2030 op stortingsterreine beland nie. Ondanks dié doelwit kon net 'n vyfde van alle plastiek herwin word.

"Suid-Afrika het 'n lewendige herwinningsbedryf wat werk vir duisende mense skep.

"Maar dit is baie frustrerend dat daar in Suid-Afrika nog nie 'n kultuur van herwinning posgevat het nie."

Volgens hom is een van die bedryf se grootste uitdagings om babadoeke te herwin. "Ongelukkig is daar gesondheidsrisiko's verbonde aan die skoonmaak van babadoeke. Daar is pogings om babadoeke so te vervaardig dat groot dele daarvan wel herwin kan word."

Hy het daarna verwys dat daar in die Krugerwildtuin 'n omgewingsvriendelike "eksperimentele" projek is wat plastiek wat nie herwinbaar is nie, verbrand om krag mee op te wek.

Volgens hom is Suid-Afrika een van die min lande waar die herwinnings-en-plastiekbedryf daarop ingestel is om werk te skep. In baie lande word robotte ingespan om plastiek vir herwinning te sorteer.

Die plastiekbedryf het verlede jaar deurgeloop onder duurder water-, krag- en vervoerkoste. Vervaardigings- en prosesseringskoste het met tot 15,4% gestyg.

Die getal mense wat verlede jaar by die plastiekbedryf se informele herwinningsektor begin werk het, het met 3% gestyg tot 48 820 en dié in die formele sektor met 3,3% tot 6 234.

Alle plastiek is herwinbaar, het Hanekom beklemtoon.

3,3%

Die persentasie waarmee die getal mense wat verlede jaar by die plastiekbedryf se formele sektor begin werk het, gestyg het.

Plastiekherwinning 2015

Suid-Afrika streef om geen plastiek na stortingsterreine te stuur nie.



COBUS PRINSLOO, Grafika24

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission